

**Die seksueel gemolesteerde kindergetuie se ervaring van die  
hofvoorbereidingsproses van die Blue Downs hof**

*CHANTELL WOLMARANS*

*Studente nommer: 21390630*

BA (Maatskaplike Werk) Universiteit van Stellenbosch: Stellenbosch

Manuskrip voorgelê ter gedeeltelike nakoming van die vereistes vir die graad

**MAGISTER ARTIUM**

**MAATSKAPLIKE WERK IN FORENSIESE PRAKTYK**

IN DIE

**FAKULTEIT GESONDHEIDSWETENSKAPPE**

AAN DIE

**NOORDWES-UNIVERSITEIT**

**(POTCHEFSTROOM-KAMPUS)**

Studieleier: Dr. E.H. Ryke

Potchefstroom

2010

DIE SEKSUEEL GEMOLESTEERDE  
KINDERGETUIE SE ERVARING VAN  
DIE HOFVOORBEREIDINGSPROSES  
VAN DIE BLUE DOWNS HOF

Chantell Wolmarans

2010

## DANKBETUIGINGS

Ek bedank graag diegene wat my gedurende die afgelope drie jaar ondersteuning en leiding gegee het.

- My moeder en vader, wat baie moes aanluister en bemoedig.
- My werkgewer vir die geleentheid wat hulle my gegun het en ondersteuning.
- Wilna Stander, my mede-student, vir die verblyf en gasvryheid in Pretoria.
- Anita Grobler, ons dosent by wie ons geleer het.
- Mango Lugredery vir alle vlugte na en van Pretoria.
- Dr. C.C. Wessels en Prof. H. Strydom vir die vriendelikheid, ondersteuning en leiding.
- Dr. E.H. Ryke, my studieleier, vir al haar geduld, inspirasie, leiding en vriendelikheid.
- Valda Pokpas, hofvoorbereidingsbeampte en Karen Botes, senior staatsaanklaer by Blue Downs hof, vir die hulp en geleenthede.
- My Hemelse Vader wat my gebede verhoor het, genade toevertrou het en my talent gegee het om as instrument vir Hom te werk.

# INHOUDSOPGAWE

DANKBETUIGINGS.....	iii
OPSOMMING.....	vi
ABSTRACT.....	vii
VOORWOORD.....	vii
INLEIDING.....	2
PROBLEEMSTELLING.....	2
DOELSTELLING.....	5
TEORETIESE UITGANGSPUNT.....	5
ONDERSOEKMETODE.....	6
Die Navorsingsontwerp.....	6
Die Navorsingsdeelnemers.....	6
Meetinstrument.....	7
Prosedures.....	9
Etiese kwessies.....	9
Dataverwerking.....	11
Beperkings van die studie.....	11
TERMINOLOGIE.....	12
Seksueel misbruikte kind.....	12
Kindergetuie.....	13
Hofvoorbereidingsproses.....	13
RESULTATE.....	13
Blue Downs hof se hofvoorbereidingsprogram.....	13
Ervaring van die kind.....	18
<i>Identifiserende besonderhede</i> .....	18
<i>Die hofvoorbereidingsproses</i> .....	19
<i>Doel van die hofvoorbereidingsproses</i> .....	20
	iv

## INHOUDSOPGAWWE (Vervolg)

<i>Hofvoorbereidingsbeampte</i> .....	21
<i>Hoftranskripsie</i> .....	22
<b>BESPREKING</b> .....	<b>22</b>
<b>GEVOLGTREKKING</b> .....	<b>27</b>
<b>AANBEVELINGS</b> .....	<b>27</b>
<b>SAMEVATTING</b> .....	<b>28</b>
<b>BIBLIOGRAFIE</b> .....	<b>29</b>
BYLAAG 1: VOORSKRIFTE AAN OUTEURS.....	32
BYLAAG 2: ONDERHOUDSKEDULE: KIND.....	3 6
BYLAAG 3: ONDERHOUDSKEDULE: OUER.....	37
BYLAAG 4: ONDERHOUDSKEDULE: HOFVOORBEREIDINGSBEAMPTE.....	38
BYLAAG 5: TOESTEMMING TOT VRYWILLIGE DEELNAME IN NAVORSING STUDIE....	3 9

## OPSOMMING

**TITEL:** DIE SEKSUEEL GEMOLESTEERDE KINDERGETUIE SE ERVARING VAN DIE HOFVOORBEREIDINGSPROSES VAN DIE BLUE DOWNS HOF

**SLEUTELTERME:** Seksueel misbruikte kind, kindergetuie, hofvoorbereidingsprogram.

Die regstelsel is verantwoordelik vir die vervolging van 'n oortreder van seksuele misbruik van 'n kind.

Die vervolgingsproses is 'n ingewikkelde en volwasse-gedrewe area.

In Suid Afrika is seksuele misbruik van kinders opvallend hoog. Seksuele misbruik van 'n kind is 'n traumatiese en vreesanjaende ervaring vir 'n kind.

Die kind is hoofsaaklik die enigste of hoofgetuie in 'n seksuele misbruik saak. Die kind se getuie is dus deurslaggewend vir die skuldigbevinding van 'n oortreder.

Howe moet spesiale maatreëls in plek stel om die kind as getuie optimaal te laat getuig. Spesiale maatreëls sluit in die hofvoorbereidingsproses van die kindergetuie.

Hierdie studie het ondersoek ingestel na een kindergetuie se ervaring van so 'n hofvoorbereidingsproses by die Blue Downs hof. Die bestaande hofvoorbereidingsprogram is ook aan die hand van beste praktykte soos in die literatuur beskryf en bespreek.

In hierdie studie is gebruik gemaak van 'n gevallestudie, waar onderhoude met 'n seksueel misbruikte kindergetuie, die kind se ouer, die hofvoorbereidingsbeampte sowel as die senior staatsaanklaer gevoer is.

Die belangrikste bevindinge in die studie blyk dat die hofvoorbereidingsproses van Blue Downs hof suksesvol is en goed gestruktueerd is. Die kind en die ouer het die proses as positief ervaar en hul angsvlakke is hierdeur verlaag. Sekere opleidingsbehoefte vir hofvoorbereidingsbeamptes is geïdentifiseer.

Hofvoorbereidingsprosesse het deurlopende evaluering nodig, om die haalbaarheid, produktiwiteit en suksesvolheid daarvan te verseker. Aanpassing, soos byvoorbeeld meer intensiewe opleiding aan hofvoorbereidingsbeamptes, is nodig om die proses te verbeter.

## ABSTRACT

**TITEL:** The experience of the sexually abused child witness of the court preparation programme of Blue Downs court.

**KEY WORDS:** Sexually abused child, child witness, court preparation programme.

The legal system is responsible for the prosecution of an accused of sexual abuse of a child. The prosecution process is a complicated and an adult-orientated area.

In South Africa sexual abuse of children is noticeably high. The sexual abuse of a child is traumatic and an intimidating experience for the child.

The child is usually the only/main witness in a sexual abuse case. The child's testimony is the main aspect in the guilty ruling of an accused.

Courts must apply special measures for child witnesses to testify optimally in court. Special measures include a court preparation process of the child witness.

This study investigated the experience of the child witness of the court preparation process of Blue Downs court. The current programme was also described, and discussed in terms of current best practice programmes as described in literature.

This study was based on a case study. The sexually abused child witness, the child's parent, the court preparation officer as well as the senior state prosecutor were interviewed.

The most important findings of the study were that the court preparations process of Blue Downs court is successful and appropriated structured. The parent as well as die child experienced the programme as positive, and their anxiety levels were hereby lowered. A few training needs for court preparation officers, were identified.

Court preparation processes need ongoing evaluation, to perform at its best and to be successful. Adjustments, such as more intensive training of the court preparation officers, are necessary to improve the process.

## VOORWOORD

Hierdie skripsie word in artikelformaat in ooreenstemming met Reël A.1.36 wat in die Jaarboek van die Noordwes-Universiteit se Potchefstroomkampus (2010) uiteengesit is, aangebied. Hierdie skripsie, wat 'n studie van 'n beperkte omvang behels, dien as gedeeltelike vereiste vir die gedoseerde MA Maatskaplike Werk in Forensiese Praktyk. Die inhoud en tegniese vereistes van die tydskrif, CHILD ABUSE RESEARCH IN SOUTH AFRICA: JOURNAL OF THE SOUTH AFRICA PROFESSIONAL SOCIETY ON THE ABUSE OF CHILDREN (Kyk Bylaag 1) is as basis gebruik om die manuskrip voor te berei.



# DIE SEKSUEEL GEMOLESTEERDE KINDERGETUIE SE ERVARING VAN DIE HOFVOORBEREIDINGSPROSES VAN DIE BLUE DOWNS HOF

CHANTELL WOLMARANS, Meestersgraadstudent aan Noordwes-Universiteit (Potchefstroom-kampus) en werksaam te BADISA TRIO Kraaifontein (Nie-winsgewende organisasie), Kaapstad, Wes-Kaap Provinsie.

DR. E.H. RYKE, Senior dosent by die vakgroep Maatskaplike Werk, Noordwes-Universiteit (Potchefstroom-kampus).

*The child is usually the only/main witness in a sexual abuse case. Courts apply special measures for child witnesses to testify optimally in court. These include a court preparation process. This study investigated the child witness experience of the court preparation process. The current programme was also described and compared to by current best practice programmes as described in literature. A case study was used. The sexually abused child witness, the child's parent, the court preparation officer, as well as the senior state prosecutor, were interviewed.*

*Findings include: The court preparations process of Blue Downs court is successful and appropriately structured. The child experienced the program as positive, and her anxiety levels were lowered. Both the parent and the court preparation officer confirmed this. A few training needs for court preparation officers were identified. Ongoing evaluation of court preparation processes is needed, to perform at its best and to be successful. Adjustments to improve the process are highlighted.*

## INLEIDING

In 'n land waar seksuele misbruik van 'n kind opvallend hoog is, is dit van uiterste belang dat kindermolesteerders skuldig bevind word en na behore gestraf word. Om in hierdie doel te slaag, moet die regstelsel hul hoofgetuie, die kind, bemagtig om sover as moontlik akkuraat en geloofwaardig te kan getuig.

Sedert 2005 is dit standaardpraktyk dat 'n getuie 'n hofvoorbereidingsproses moet deurgaang (Reyneke & Kruger, 2006:81-82). Standaard hofvoorbereidingsprogramme was egter nie ontwikkel met inagneming van die kindergetuie nie, wat gevolglik aanpassings genoodsaak het.

Hierdie artikel rapporteer 'n gevallestudie van die Blue Downs hof se hofvoorbereidingsprogram en een kindergetuie se ervaring daarvan. Die ondersoek is aan die hand van 'n empiriese ondersoek en literatuur studie onderneem. Onderhoude is met 'n kindergetuie, die betrokke ouer, 'n hofvoorbereidingsbeampte en die senior staatsaanklaer van Blue Downs hof gevoer. Die bevindinge van die studie word bespreek en aanbevelings gedoen ten opsigte van die verbetering van die hofvoorbereidingsproses vir 'n kindergetuie.

## PROBLEEMSTELLING

Om getuienis in 'n straf saak te lewer is vreesaanjaend vir 'n volwassene – vir die kind is dit veel erger (Gersch, Gersch, Lockhart & Moyses, 1999:45 en Toby, 1993:136). Daar word van die kind verwag om in 'n volwasse-georiënteerde Suid-Afrikaanse regstelsel getuienis te lewer. Hierdie kind, wat na bewering seksueel misbruik is, is meestal die enigste getuie in 'n saak. Daarom is dit van uiterste belang dat die kind se getuienis geloofwaardig en akkuraat gelewer moet word, om 'n skuldig bevinding te laat bewerkstellig. Deeglike voorbereiding van die kindergetuie is dus noodsaaklik.

Mellor en Dent (1994:166) voer aan dat die geloofwaardigheid van 'n kind se getuienis in 'n hof afhang van onder meer hul begrip van die hof en straf saak. Muller en Van der Merwe (2005:44) neem hierdie punt verder en meld dat die kindergetuie se gebrek aan kennis van die wetlike sisteme omvangryke gevolge kan inhou ten opsigte van 'n kriminele saak. Lee (2001:20) dui aan dat dit van kardinale belang is om empiriese bewyse te vind oor kindergetuies se ervaring in die hof, ten einde die kind te bemagtig om

as suksesvolle getuie in die hof op te tree. Muller en Van der Merwe (2005:547-555) meen dat dit die hof se verantwoordelik is om 'n kindergetuie volledig vir 'n hofsaak voorteberei ten einde akkurate getuienis te lewer. Hulle voeg by dat Suid-Afrikaanse kindergetuies minimaal blootgestel word aan hofvoorbereidingsprogramme (Muller & Van der Merwe, 2005:47).

Daar is reeds in 1996 deur middel van die Suid-Afrikaanse kabinet die Nasionale Misdaad Voorkoming Strategie (Reyneke & Kruger, 2006:81- 82) tot stand gebring, wat aanvoer dat alle misdaadslagoffers die reg het tot hofvoorbereiding. Daar is ook die Slagoffer Bystand Dienste Strategie wat in 2005 ontwerp is, wat aandui dat dit standaard praktyk is om alle slagoffers van misdaad voor te berei vir hof getuienis aflegging (Reyneke & Kruger, 2006:81- 82). Die Verenigde State van Amerika (VSA) en Kanada het egter al gedurende 1992 programme begin implementeer om kinders in groepe op te lei om as kindergetuies op te tree (Mellor & Dent, 1994:166). Die doel van hierdie programme fokus op die verhoging van die kind se kennis van die hof (reëls, omgewing en rolle) ten einde die kind se spanning te verlaag en getuienis aflegging meer effektief te maak.

Talle navorsingstudies is gedoen oor die kind se ervaring van getuienis aflegging, maar min navorsing berus op die kind se ervaring van 'n hofvoorbereidingsprogram (Gersch *et al.*, 1999:45 en Lee, 2001:18). Talle bronne meld die negatiewe belewenis van die kind in die hof. Baie navorsing is beskikbaar in die buiteland, wat hul regstelsels in terme van kindergetuies evalueer en nuwe metodes implementeer om die regstelsel meer vlot te laat verloop. Mellor en Dent (1994:165-176) het die Britse regstelsel geëvalueer en 'n program ontwerp met betrekking tot hofvoorbereiding vir die kind as getuie. So het McGough (1997:317-340) oor die Staat van Louisiana in die VSA; Toby (1993:45-220) oor New York; en beide Freshwater en Aldridge (1994:317-340) en Gersch *et al.* (1999:45-50) oor die Britse regstelsel. In Suid-Afrika het Muller en Van der Merwe (2005:1-15) en Simon (2006:1-23) die Suid-Afrikaanse regstelsel evalueer en die nuwe Wet op Seksuele Misdrywe en Verwante Aangeleenthede nr. 32 van 2007 help implementeer. Geen van hierdie navorsing fokus egter op die hofvoorbereidingsproses van kindergetuies nie.

Navorsing oor kindergetuies is meestal uit die vakgebiede van Psigiatrie, Sielkunde en die Regte. Hierdie bronne is egter beperk. Navorsing wat wel gedoen is sluit in Saywitz en Nathanson (1992:613-622) van die VSA sowel as Freshwater en Aldridge (1994:183-194) van Brittanje. Davis en Saffy (2004: 17-23) het wel 'n studie in Suid-Afrika gedoen oor die hofpersoneel en hofondersteuners se persepsies van hofvoorbereidingsprogramme vir kinders. Die studie het waardevolle kwalitatiewe inligting opgelewer ten opsigte van die evaluasie van hofvoorbereidingsprogramme en aanbevelings vir die opgradering daarvan gemaak. Sattar, Ghazala, Portsmouth, Portsmouth, England, Bull en Ray (1996:67-75) het 'n studie geloods onder professionele persone in die Verenigde Koninkryk se howe oor hofvoorbereidingsprogramme vir kinders en bevind dat hofvoorbereidingsprogramme definitief positief ervaar word, wat voordele inhou vir die kind as getuie sowel as die regstelsel (Crawford & Bull, 2006:254).

Lee (2001:48-52 ; 136-141) het in haar studie 'n hofvoorbereidingsprogram ontwerp wat daarop fokus om die kindergetuie effektief voor te berei sowel as om die kind se angsvlakke te verlaag. Lee (2001:140) verwys in haar artikel na navorsing wat deur Dezwirek-Sas in 1992 gedoen is oor 'n hofvoorbereidingsprogram (Kinder-getuieprojek) in Londen, wat aandui dat die kind se angsvlakke wel verlaag word. In 'n ander studie (Lee, 2001:49), byvoorbeeld in die VSA, het die Nasionale Kinder-Advokaat Sentrum gestruktureerde hofvoorbereidingsprogramme ontwerp en dit geëvalueer. Laasgenoemde word as voordelig vir die kind sowel as die strafregstelsel beskou. Geen hedendaagse Suid-Afrikaanse navorsing in die vakgebied van Maatskaplike Werk is beskikbaar oor die navorsingstema nie. Om 'n beweerde oortreder van seksuele misbruik skuldig te bevind, is die kind se getuie van uiterste belang.

Crawford en Bull (2006:245) motiveer dat meer navorsing benodig word om hofvoorbereidingsprogramme na te vors en dus te evalueer. Hulle beklemtoon dat dit nodig is om die kind se ouers ook in sulke studies te betrek. Crawford en Bull (2006:251) voer aan dat dit belangrik is om navorsing oor hofvoorbereidingsprogramme te loods ten einde die kind (sowel as die ouers) se insette en ervarings daarvan te verkry, ten einde die voorbereidingsprogramme so effektief as moontlik te ontwikkel. Die skrywers neem dit verder deur aan te voer dat dit nodig is om 'n sistematiese en

eenheidgerigte benadering tot hofvoorbereidingsprogramme te kry. Mellor en Dent (1994:167) voer aan dat dit nodig is om hofvoorbereidingsprogramme te evalueer ten einde die effektiwiteit daarvan in 'n regstelsel te bepaal asook of die program die doel van 'n hofvoorbereidingprogram bereik.

Ten einde waardevolle veranderinge aan die huidige voorbereidingsprosesse in die kriminele hof te kan maak, is dit nodig om die spektrum van die kindergetuie se ervaring van die voorbereidingsproses te eksploreer en te verstaan, in die vakgebied van Forensiese Maatskaplike Werk. Om die volle spektrum van die kind as getuie in 'n kriminele saak van seksuele misbruik se belewenis van die hof te eksploreer en te verstaan, bied gronde vir die effektiewe verbetering van die program.

Sedert die ontstaan van Blue Downs hof in 2005, is die spesifieke hofvoorbereidingsprogram wat ondersoek is, in werking. Ongeveer 1 500 kinders het al die hofvoorbereidingsprogram deurgemaak. Hierdie program is egter nog nooit geëvalueer nie.

## **DOELSTELLING**

Die oorhoofse doelstelling van die ondersoek was om die seksueel misbruikte kindergetuie se ervaring van die hofvoorbereidingsproses in die Blue Downs hof te beskryf.

Die spesifieke doelwitte het ingesluit:

- Om die bestaande hofvoorbereidingsprogram van die Blue Downs hof vir seksueel misbruikte kindergetuies aan die hand van bestaande beste praktyke soos in die literatuur beskryf, te bespreek.
- Om die kind se ervaring van die hofvoorbereidingsprogram te beskryf.
- Om aanbevelings te maak oor die verbetering van die Blue Downs hof se hofvoorbereidingsprogram.

## **TEORETIESE UITGANGSPUNT**

Negatiewe ervarings deur die seksueel misbruikte kind wat as 'n getuie in die kriminele hof getuig, dra by tot sekondêre traumatisering van die kind. Indien 'n hofvoorbereidingsproses effektief is, kan die kindergetuie se negatiewe ervaring verlaag word en die geloofwaardigheid van die getuienis verhoog word.

## ONDERSOEKMETODE

### Die Navorsingsontwerp

Die studie het berus op die kwalitatiewe beskrywing van die ervarings van 'n kindergetuie ten opsigte van die hofvoorbereidingsproses. 'n Beskrywende studie poog om meer kennis en insigte oor die kind se ervaring van die hofvoorbereidingsproses in te win en te beskryf (Terre Blanche & Durkheim, 2002:39) en die kwalitatiewe paradigma om menslike aksie deur 'n ingewyde perspektief te beskryf en te verstaan. Inligting word volgens hierdie paradigma deur middel van geskrewe of gesproke taal verkry (De Vos & Fouché, 2005:79; Rubin & Babbie, 2005:429; Terre Blanche & Durkheim, 2002:42). Selektiewe temas word in diepte bestudeer. Die ondersoek berus op die Blue Downs hof se voorbereidingsproses en 'n enkele kind se belewenis daarvan. Dus word daar van 'n gevallestudie as navorsingsmetode gebruik gemaak (Fouché, 2002:275).

### Die Navorsingsdeelnemers

Die navorsingsdeelnemers in hierdie studie bestaan eerstens uit 'n kind in die middelkinderjarefase, wat na bewering seksueel misbruik is; die kind se voog, die senior staatsaanklaer en die hofvoorbereidingsbeampte.

Die wyse van seleksie van die navorsingsdeelnemers het geskied deur die doelbewuste steekproeftegniek (Strydom & De Vos, 2005:143). Die kriteria wat gestel is om die kind te selekteer was dat die kind in die middelkinderjarefase moet wees. Volgens Louw, Van Eede en Louw (1998: 326) word die middelkinderjarefase beskou as 'n kind tussen die ouderdom van ses en twaalf jaar. Die vereistes is verder gestel dat die kind onlangs (binne die voorafgaande ses maande) in die hof getuig het en 'n hofvoorbereidingsprogram voltooi het. Die seleksie van die navorsingsdeelnemers het soos volg geskied: Die senior staatsaanklaer by die betrokke hof het aan die navorser 'n lys voorsien van drie kinders tussen die ouderdom van ses en twaalf jaar wat in die voorafgaande ses maande in Blue Downs hof getuig het. Die kriteria van die spesifieke ouderdomsgroep, asook dat die kind in die voorafgaande ses maande moes getuig het, is benut. Uit die lys is een kandidaat vir die ondersoek gekies deurdat die drie name op individuele papiere geskryf is, in 'n houer gesit is en een kind lukraak deur die navorser gekies is.

## Meetinstrument

Die meetinstrument wat in die navorsingstudie gebruik is, was drieledig van aard:

- 'n Semi-gestruktureerde onderhoud (Terre Blanche & Durrheim, 2002:128) met die kind volgens 'n spesifieke skedule;
- 'n Onderhoud met die kind se ouer ten einde meer omvattende beskrywende inligting rakende die kind se belewenis van die spesifieke hofvoorbereidingsproses te verkry;
- 'n Onderhoud met die senior staatsaanklaer en die hofvoorbereidingsbeampte om inligting rondom die spesifieke hofvoorbereidingsprogram in te win.

Dié program is daarna teen die agtergrond van bestaande literatuur oor hofvoorbereidingsprogramme beskryf en bespreek. Die doel van die verskillende invalshoeke tot die navorsingsfokus was om inligting te trianguleer. Onderhoude het op 'n individuele basis plaasgevind. Die onderhoude het ongeveer 45 minute geduur, aangesien kinders 'n kort aandagspan het en reeds spanning ervaar. Dieselfde het gegeld vir die onderhoud met die ouer. Ontleding van die hoftranskripsie het ook plaasgevind.

Die onderhoudskedule met die kind en ouer het die volgende ingesluit (Sien Bylaag 2 en 3):

- Identifiserende besonderhede: Geslag, ouderdom, naam, van en taal.
- Hofvoorbereidingsprogram: Wanneer is die program bygewoon, aantal sessies, deur wie aangebied, leer ervaringe en wanneer getuig.
- Program inhoud: Lokaal uitwysing, waarheidstoetsing, verduideliking van hoftaal/hofpersoneel en hofproses, tipe vrae om te verwag en die beantwoording daarvan, tegnieke vir beantwoording van vrae, getuienis aflegging, kruisondervraging en herondervraging, ondersteuningspersoon vir die kind, hulpmiddels gebruik en geheue toetsing.
- Doel van program: Emosies ervaar voor die program, emosies ervaar na afloop van die program, mate van verlaging van angsvlakke, bekommernisse voor die program, of die program gehelp het om te getuig en hoe, beantwoording van vrae oor getuienis aflegging, voordele van program, nadele van program, tekortkominge van die program of enigiets wat weggelaat moet word.

- U kind (slegs vir ouer) : Emosies deur die kind ervaar voor die program, emosies ervaar na afloop van die program, mate van verlaging van angsvlakke, of die program die kind gehelp het om te getuig en hoe.
- Beampte : Ervaring van beampte wat program gedoen het.
- Algemeen: Addisionele inligting wat die deelnemers meedeel of versoek.

'n Onderhoud is met die hofvoorbereidingsbeampte gevoer, waarvan inligting vergelyk is met die bestudering van die literatuur. Die onderhoudskedule met die hofvoorbereidingsbeampte het die volgende ingesluit (Sien Bylaag 4):

- Opleiding: Ontvang, deur wie, tydperk en waar;
- Aspekte van opleiding ingesluit: Kinderontwikkeling, geheue van 'n kind en/of seksuele misbruik;
- Tydperk van werk as hofvoorbereidingsbeampte;
- Take van 'n hofvoorbereidingsbeampte;
- Gemiddelde aantal kinders per maand;
- Positiewe aspekte van die program;
- Negatiewe aspekte van die program;
- Uitdagings as hofvoorbereidingsbeampte;
- Enige aspekte van die program wat weggelaat of bygesit moet word.

Volgens die skrywers Babbie en Mouton (2001:289) asook Terre Blanche en Durkheim (2002:133), word onderhoude as tegniek as gewild beskou, omdat dit 'n rykdom inligting op 'n persoonlike wyse inwin. Onderhoude help die navorser om die nabye wêreld van die navorsingsrespondente te aanskou. Die skedule dien as riglyn vir die navorser om vrae en temas te hanteer. Die voordele van hierdie tipe meetinstrument is dat sistematiese data ingewin word en belangrike inligting tegelykertyd nie vergeet word nie. Die enigste potensiële nadeel, volgens genoemde skrywers, is dat die navorser 'n hoogsgekwalfiseerde onderhoudvoerder moet wees. Die onderhoudvoerder in hierdie studie is wel 'n gekwalfiseerde onderhoudvoerder.



Deur van 'n onderhoud en 'n gevallestudie gebruik te maak, kan betroubaarheid en geldigheid van die data onder verdenking kom. Om dit teen te werk is die data geverifieër deur ook die betrokke hoftranskripsie te ontleed en te vergelyk met die data verkry uit die onderhoud. Sodoende is die data getrianguleer en die geldigheid verhoog.

### **Prosedures**

Die prosedures wat gevolg is, het die volgende ingesluit:

- Die senior staatsaanklaer van die Blue Downs hof vir Seksuele oortredings is gekontak en mondelinge toestemming is verkry om die navorsing uit te voer.
- 'n Lys van kinders tussen die ouderdom van ses en twaalf jaar oud wat aan die seleksiekriteria voldoen het, is gekry en 'n geskikte kandidaat is hieruit geïdentifiseer.
- Die kind se ouer is genader om skriftelike toestemming te verkry om die onderhoud met hul kind te voer.
- Die onderhoud is by Blue Downs hof op 26 Februarie, 2010 met die kind, die ouer en 'n hofvoorbereidingsbeampte gevoer. Die navorser het as neutrale/objektiewe persoon teenoor die navorsingsdeelnemer opgetree.
- Datavaslegging het deur middel van 'n bandopname geskied en notas is geneem van addisionele inligting wat na vore gekom het.
- Die hoftranskripsie is ontleed en met data uit onderhoude vergelyk.

### **Etiese kwessies**

Die volgende etiese kwessies is in die navorsingstudie in ag geneem.

#### *Toestemming*

Die navorsingsdeelnemer sowel as die ouer se skriftelike toestemming is bekom met betrekking tot die volgende aspekte (Verwys Bylaag 5):

- Die vrywillige deelname aan die navorsingstudie;
- Die stemopname van die onderhoud met die kind.

Die navorser het vooraf die doel van die studie, asook die verwagtinge teenoor die navorsingsdeelnemers verduidelik. Die navorser was vooraf en ná die onderhoud beskikbaar vir vrae vanaf die navorsingsdeelnemers. Die navorsingsdeelnemers was met die nodige respek, konsiderasie en hofflikheid behandel. Mondelinge toestemming is ook van die senior staatsaanklaer van die hof verkry om die studie by die betrokke hof uit te voer.

### *Beperking van benadeling*

Die navorser was voorbereid om ontlonting met die navorsingsdeelnemer na afloop van die onderhoud te doen. Negatiewe emosies of denke wat deur die verloop van die onderhoud voorgekom het, kan met die navorsingsdeelnemers logies en stelselmatig deurgewerk word (Babbie & Mouton, 2001:521). Dit was egter nie nodig nie, omdat die navorsingsdeelnemers nie ontlonting na die afloop van die onderhoud benodig het nie.

### *Konfidensialiteit en anonimiteit*

Die toestemmingsvorm van die navorsingsdeelnemer en ouer/voog is ingesluit in die onderneming dat navorsingsdata met die nodige konfidensialiteit en anonimiteit hanteer sal word (Babbie & Mouton, 2001:523-524; Strydom, 2005:27; Terre Blanche & Durkheim, 2002:68). Die publikasie van die navorsingsbevindinge vir akademiese doeleindes is ook uitgewys. Om anonimiteit te bevorder is inligting slegs rakende die navorsingsdeelnemer se geslag en ouderdom ingewin. Verdere identifiserende besonderhede is uitgelaat.

### *Vermoëns van die navorser*

Die navorser is gekwalifiseer as 'n maatskaplike werker en geregistreer by die Raad vir Maatskaplike Diensberoep en het ses jaar praktykervaring en is gevolglik voldoende gekwalifiseer en gelisensieer rakende wat van die kind in die hof as getuie verwag word (vgl. Terre Blanche & Durkheim, 2002:69-70). Die navorser is ook tans besig om 'n Meestersgraad in Maatskaplike Werk in Forensiese Praktyk te voltooi wat haar toerus met kennis en vaardighede oor kinders wat seksueel misbruik is en moet getuig in 'n kriminele hof.

### *Hantering van 'n sensitiewe onderwerp*

Die seksuele misbruik van 'n kind word as 'n sensitiewe onderwerp beskou. Aangesien die kind alreeds spanning ervaar, is daar gepoog om die kind in die onderhoud met ondersteuning en gemak te hanteer. Daar is deurgaans in die onderhoud gepoog om nie die seksuele misbruik insident(e) te bespreek of te noem nie. Terre Blanche en Durkheim (2002:385-388) waarsku dat daarteen gewaak moet word en dat die navorsingsdeelnemers en onderwerp deurlopend met die nodige respek en sensitiwiteit hanteer moet word.

### *Publikasie van data*

Die navorsingsdeelnemers, asook die senior staatsaanklaer, is ingelig dat die bevindinge van die studie in skripsie en moontlik 'n akademiese publikasie/joernaal gepubliseer sou word. Die doel van die publisering van die data, naamlik om die regstelsel beter aan te pas vir 'n kind as getuie, is ook deurgegee. Volgens Strydom (2005:32) asook Babbie en Mouton (2001:530) is die navorsers volgens die "Etiese kode van Professionele Handeling" verplig om navorsingsdeelnemers in te lig oor die verdere hantering van die data wat deur die navorsingstudie bekom is.

### **Dataverwerking**

Data is verwerk en volgens die spesifieke temas van die onderhoudskedules gegroepeer. Die onderhoudskedules is as raamwerk gebruik. Die inligting is volgens temas gegroepeer en inligting is sistematies met mekaar vergelyk. Ooreenkomste en verskille is uitgewys. Die hoftranskripsie is krities ontleed deur vergelykings uit die inligting wat die kind en ouer in die onderhoude voorsien het, teenoor die inligting wat in die hoftranskripsie na vore gekom het. Poggenpoel (2005:381) beskou kwalitatiewe data-ontleding as die bestuur van data op 'n sistematiese wyse volgens temas om vergelykings, verskille en soortgelyke idees uit te wys.

### **Beperkings van die studie**

Die volgende beperkings het in die studie voorgekom:

- Bronne oor die spesifieke onderwerp is moeilik verkry. Die bronne wat wel verkry is, fokus meer op die evaluering van verskeie lande se regstelsels met betrekking tot kinders, as getuies en alternatiewe metodes om spanningsvlakke van kinders in die hof te verlaag. Vier navorsingsartikels

is verkry wat die ervaring van die kind in die hof ondersoek het, waarvan geen in Suid-Afrika uitgevoer is nie. Die meerderheid bronne is van die vakgebiede van Psigiatrie, Sielkunde en die Regte afkomstig. Minimale bronne is van die Maatskaplike Werk vakgebied afkomstig.

- Die tydperk tussen die hofvoorbereidingsproses se voltooiing en die getuienis aflegging van die kind, was ongeveer een jaar. Daar is dus nie aan die studie se kriteria van ses maande voldoen nie. Die rede hiervoor is dat kriminele sake lank duur, voordat die kind geroep word om te getuig. Hierdie verlengde tydperk kon ook moontlik 'n negatiewe invloed gehad het op die navorsingsdeelnemers se herroeping van hul ervarings.
- Die proefpersone het 'n basiese geletterdheid gehad. Gekompliseerde taalbegrippe kon nie benut word nie en sommige terme moes verduidelik word. Dit het kommunikasie bemoeilik en basiese taalkonsepte moes gebruik word. Hulle beskik moontlik ook nie oor die taalvermoë om hulle ervarings gedetailleerd te verwoord en aan die navorser oor te dra nie.
- Die proefpersone het die onderwerpe van hofvoorbereidingsproses en die totale kriminele saak dikwels verwar, wat die fokus van die gesprek dikwels verplaas het.

## TERMINOLOGIE

### Seksueel misbruikte kind

Volgens die *Children's Act 38 of 2005* (vervolgens verwys na die Kinderwet 38 van 2005), word 'n kind gedefinieer as 'n persoon onder die ouderdom van agtien jaar.

Faller (2003:19) identifiseer seksuele misbruik as misbruik sonder fisiese kontak, liefkosing, digitale/objek penetrasie, orale seks of penis penetrasie, terwyl die Wet op Seksuele Misdrywe en Verwante Aangeleenthede (32 van 2007), seksuele misbruik beskou as daad wat insluit penetrasie of onvanpaste daad met 'n kind, met of sonder hul toestemming.

Vir die doel van hierdie studie sal die navorser verwys na 'n seksueel misbruikte kind as 'n persoon onder die ouderdom van agtien jaar teenoor wie 'n seksuele misdryf, soos omskryf in die Wet op Seksuele Misdrywe en Verwante Aangeleenthede nr. 32 van 2007, gepleeg is.

## **Kindergetuie**

Mellor en Dent (1994:165) beskou 'n kindergetuie as 'n kind teenoor wie 'n misdaad gepleeg is, en dan die hof moet gaan vertel van die ervaring en die gebeurtenis van die betrokke misdaad. Die *West Encyclopedia of American Law* (The Gale Group, 2005) beskryf 'n kindergetuie as 'n kind wat eerstehandse inligting gee oor iets wat die kind gesien, gehoor of beleef het. Hierdie studie sal gebruik maak van die volgende omskrywing wat 'n kombinasie is van die bogenoemde twee definisies, naamlik: 'n Persoon onder die ouderdom van agtien jaar, wat van sy/haar ervaring van 'n misdaadgebeurtenis, aan die hof vertel.

## **Hofvoorbereidingsproses**

'n Hofvoorbereidingsproses word volgens Davis en Saffy (2004:19) effe vaag beskryf as die hantering van die kind se gebrek aan kennis van die hofproses. Reyneke en Kruger (2006:82,84) beskryf dit meer spesifiek as die voorbereiding van 'n slagoffer vir hofdoeleindes en die gerusstelling van die slagoffer. Gevolglik sal hierdie studie gebruik maak van Reyneke en Kruger (2006) se definisie van 'n hofvoorbereidingsproses.

## **RESULTATE**

Vervolgens word die resultate van die studie bespreek. Eerstens word die Blue Downs hof se hofvoorbereidingsproses bespreek. Daarna word die resultate van die onderhoude met die kind en die ouer bespreek.

### **Blue Downs hof se hofvoorbereidingsprogram**

Blue Downs hof se hofvoorbereidingsprogram se hoofdoel en fokus is om die kind as getuie voor te berei op die aflegging van getuienis. Dit het ook ten doel om die geloofwaardigheid van die getuienis te verhoog (Botes, 2009). Volgens Davis en Saffy (2004:19) is die doel van hofvoorbereidingsprogramme die vermindering van sekondêre viktimisering en die trauma wat geassosieer word met getuienis aflegging, asook om die kapasiteit om te getuig te verhoog en om die hofervaring beter te hanteer (Reyneke & Kruger, 2006:85). Lee (2001:50), sowel as Crawford en Bull (2006:244), voer aan dat 'n hofvoorbereidingsprogram daarop moet fokus om die kind se emosionele her-traumatisering te verlaag

asook om die geloofwaardigheid van die kind se getuienis in die hof te verhoog. Sattar *et al.* (1996:67-75) voer aan dat hofvoorbereidingsprogramme ten doel het om die kindergetuie op te voed oor die regstelsel, bekommernisse van die kind te hanteer en angs te verminder. Crawford en Bull (2006:244) beklemtoon dat 'n hofvoorbereidingsprogram op die kindergetuie se kommunikasie-, geheue-, sosiale-, kognitiewe- en emosionele vermoëns moet fokus.

Verskeie skrywers (Davis & Saffy, 2004:19; Gersch *et al.*, 1999:45-50; Lee, 2001:17; Mellor & Dent, 1994:168-172; Muller & Van der Merwe, 2005:46-54) dui aan dat 'n hofvoorbereidingsprogram die volgende moet insluit. Vervolgens word hierdie fasette genoem en daar word bepaal of Blue Downs hof se program die betrokke fasette insluit of nie:

- Uitwys van die hoflokaal, voorkoms van talle vrae en die belangrikheid om die waarheid te vertel, verlagings van trauma en die verkryging van geloofwaardige getuienis aflegging. Dit moet geskied deur 'n opgeleide persoon wat hand aan hand met die staatsaanklaer in die hof werk. Volgens die hofvoorbereidingsbeampte word hierdie taak deur Blue Downs hof se hofvoorbereidingsbeamptes verrig.
- Verduideliking van hoftaal, verduideliking van hofprosesse, tegnieke vir die beantwoording van vrae, hofbesoeke asook die identifisering van swakpunte in getuienis aflegging. Hierdie fasette vind ook plaas deur die hofvoorbereidingsbeampte van 'n hof, soos deurgegee deur die hofvoorbereidingsbeampte van Blue Downs hof.
- Inleiding tot hofpersoneel/proses en vraagstelling, kruisondervraging en herondervraging, taalontwikkeling, herrangskikking van die hoflokaal, ondersteuningspersoon vir die kind. Laasgenoemde taak word ook van die hofvoorbereidingsbeampte van 'n hof verwag (Onderhoud met hofvoorbereidingsbeampte).
- Gebruik van boeke, modelle of rollespel; video's en spelaktiwiteite. Uit inligting van die kind, ouer sowel as die hofvoorbereidingsbeampte word hierdie middele nie deur die hofvoorbereidingsprogram van Blue Downs hof gebruik nie.
- Komponente van kognitiewe-gedrags-, familie sisteem- en psigodinamika-benaderings. Inligting van die kind, ouer en die hofvoorbereidingsbeampte dui daarop dat hierdie aspekte by die hofvoorbereidingsprogram van Blue Downs hof ontbreek.

Volgens Crawford en Bull (2006:254) is daar in die afgelope twee dekades baie vordering op die gebied van kindergehuies gemaak, wat die hofvoorbereidingsprogram insluit.

Volgens die hofvoorbereidingsbeampte van Blue Downs hof, is daar ander take wat ook van 'n hofvoorbereidingsbeampte verwag word, wat onder meer die volgende insluit:

- Verwelkoming van die getuie.
- Voorsiening in die getuie se fisiese behoeftes (toiletgebruik, honger of dors).
- Behandeling van die spesifieke hofvoorbereidingsprogram met die kind sowel as die kind se ouer.
- Administratiewe take (opening en byhou van lêers asook die verkryging van agtergrond).
- Die maak van aanbevelings aan die hof ten opsigte van die vermoë van die getuie om te kan getuig, wyse van getuie aflegging en die behoefte vir assessering.

Volgens die senior staatsaanklaer by Blue Downs hof (Botes, 2009), word die hof se hofvoorbereidingsprogram deur 'n opgeleide hofvoorbereidingsbeampte sowel as die senior staatsaanklaer by die hof behartig. Uit die onderhoud met die hofvoorbereidingsbeampte vind opleiding deur die Nasionale Vervolgings Gesag (NVG) in Pretoria oor 'n tydperk van een week plaas. Die betrokke beampte se basiese opleiding behels Graad 12 skoolopleiding, wat ook as kriteria vir 'n hofvoorbereidingsbeampte gestel word.

Volgens die hofvoorbereidingsbeampte behels die opleiding onder meer die volgende:

- Administratiewe take (slagoffer registers, week/maand registers, lêers van slagoffers).
- Verskillende benaderings van 'n hofvoorbereidingsprogram ten opsigte van kinders, adolessente en volwassenes.
- Assessering van getuies (kapasiteit en aanbevelings).

'n Handleiding van Kinderontwikkeling is deur die hofvoorbereidingsbeampte ontvang en deurgewerk. Geen formele opleiding op hierdie gebied het plaasgevind nie. Uit die onderhoud met die hofvoorbereidingsbeampte het dit na vore gekom, dat daar geen formele opleiding op die gebied van seksuele misbruik of geheue-aspekte van 'n kind plaasgevind het nie. Die spesifieke hofvoorbereidingsbeampte was ongeveer een jaar werksaam by Blue Downs hof te Kaapstad. Dit was die beampte se eerste ervaring as hofvoorbereidingsbeampte.

Die hofvoorbereidingsbeampte het gemeld dat daar 'n gevorderde kursus deur die NVG beplan word, wat hy nog moet bywoon. Die program se inhoud is egter onbekend. 'n Spesifieke opleidingsbehoefte is deur die hofvoorbereidingsbeampte geïdentifiseer wat volledige kinderontwikkeling insluit ten opsigte van emosionele, kognitiewe, fisiese, taal-, self-, sosiale en morele ontwikkeling.

Blue Downs hof se hofvoorbereidingsprogram behels drie sessies. Die eerste sessie word beskou as 'n konsultasie sessie tussen die senior staatsaanklaer, die kindergetuie sowel as die ouers van die kind. Hierdie sessie se hoofdoel is om die saak se meriete te bepaal.

Die tweede sessie word deur die opgeleide hofvoorbereidingsbeampte behartig. Die kindergetuie sowel as die ouers word in aparte sessies voorberei op die hofproses. Die hoofaspekte van hierdie sessie behels die bespreking van waarheid teenoor valsheid, die belangrikheid om die waarheid te vertel, geheue toetsing van die kind, die opbouing van vertroue van die kind, die verduideliking van die belangrikheid en doel van getuie aflegging, die verduideliking van die hofproses, kruisondervraging sowel as herondervraging, die evaluasie van die kind se taalontwikkeling, die uitwys van die lokaal waar getuie afgelê sal word, die uitwysing en verduideliking van die in-kamera lokaal, die hof opset sowel as addisionele vrae.

Die derde sessie vind plaas op die dag wat die kind getuig, waar die hofvoorbereidingsbeampte die tweede sessie se inligting en uitwysing van lokale herhaal en poog om die kind gemaklik te laat voel en die ouers sowel as die kind emosioneel te ondersteun. Volgens die hofvoorbereidingsbeampte word daar



ongeveer 28 kinders per maand deur die hofvoorbereidingsprogram geneem. Kinders se ervaring van hierdie voorbereidingsprogram is egter nog nie getoets nie (Botes, 2009).

Daar is talle positiewe aspekte wat aan die spesifieke hofvoorbereidings van Blue Downs hof gekoppel word. Die volgende sake is deur die hofvoorbereidingsbeampte uitgewys:

- Die geleentheid word gebied om 'n vertrouensverhouding met die getuie te bou.
- Die hofvoorbereidingsbeampte kan kinders besig hou deur spel en hierdeur word hul selfvertroue verhoog en angsvlakke verlaag.
- Kinders word geïnspireer en hoop word gegee.
- Die hofvoorbereidingsbeampte kan 'n verskil in 'n kind se lewe maak, 'n meer positiewe lewensuitkyk bied of 'n bydrae lewer tot die herstel van die slagoffer.

Daar is egter ook negatiewe aspekte wat deur die hofvoorbereidingsbeampte geïdentifiseer is, wat aan die hofvoorbereidingsbeampte se taak gekoppel word, naamlik dat kinders en ouers emosioneel raak. Hy het byvoorbeeld gemeld: "Jy as hofvoorbereidingsbeampte kan nie emosioneel raak of emosioneel betrokke raak nie". Dit is ook traumaties om die besonderhede van seksuele misbruik gebeurtenisse te hoor.

Afgesien van die negatiewe aspekte, is daar ook 'n aantal uitdagings vir 'n hofvoorbereidingsbeampte.

Die volgende is deur die hofvoorbereidingsbeampte voorsien:

- **Kultuur aspekte:** Kultuurgroepe het verskillende uitgangspunte seksualiteit en verbaliserings daaroor. Byvoorbeeld, in die Xhosa-kultuur mag vrouens nie hul seksuele gedrag met ander persone bespreek nie, dus is forseerde seksuele handeling 'n verbode onderwerp. Dit is byvoorbeeld moeilik vir 'n manlike hofvoorbereidingsbeampte om met 'n volwasse vroulike verkragtingslagoffer te kommunikeer.
- **Taalverskille:** Kultuurgroepe praat verskillende tale en gebruik verskillende taalkonsepte en idiome. Dit is byvoorbeeld moeilik vir 'n Afrikaanssprekende hofvoorbereidingsbeampte om met 'n Xhosa-sprekende slagoffer te kommunikeer. Tolke word meestal hier gebruik.
- **Geslag:** As manlike hofvoorbereidingsbeampte is dit ongemaklik, omdat die oortreder meestal manlik en die slagoffer vroulik is.

- Die hof wat nie altyd die kindergetuie verstaan nie. Die kind het soms sy/haar eie manier om inligting oor te vertel of te verduidelik, wat die hof nie kan verstaan nie. Die kind vertel ook soms nie die hele konteks van die seksuele misbruik aan die hof nie. Die hof neem dan slegs die inligting in ag, wat die kind aan hul voorsien het.

Die hofvoorbereidingsbeampte voer aan dat geen aspek van die hofvoorbereidingsprogram van Blue Downs hof weggelaat kan word nie. Die beampte verduidelik dat elke aspek van hulp is, want elke saak sowel as mens is verskillend en 'wat vir die een geld, geld soms nie vir die ander een nie'. Die beampte moet dus sy/haar oordeel gebruik om die program se spesifieke inhoudsaspekte te gebruik of weg te laat, en dus die program relevant aan te bied.

Die doel en die fokus van 'n hofvoorbereidingsprogram, die aspekte wat 'n hofvoorbereidingsprogram moet insluit asook die voorvereistes vir hofvoorbereidingsbeamptes, stem ooreen met literatuur soos uiteengesit in Davis en Saffy (2004) ; Lee (2001) ; Muller en Van der Merwe (2005) ; Reyneke en Kruger, 2006 en Sattar *et al.*, 1996). Blue Downs hof se hofvoorbereidingsprogram is 'n uitgewerkte program wat deur middel van opleiding aan hofvoorbereidingsbeamptes voorsien word.

### **Ervaring van die kind**

Indivudele onderhoude is met die kind sowel as die ouer gevoer ten einde inligting te bekom oor die kind sowel as die ouer se ervaring van Blue Downs hof se hofvoorbereidingsprogram. Die hoftranskripsie van die kind se getuienis aflegging op 26 Februarie, 2010 is ook geraadpleeg.

### *Identifiserende besonderhede*

Die kind en die ouer is afkomstig van Mfuleni, Eersterivier-area in die Wes-Kaap Provinsie. Die twee persone is Xhosa-, Afrikaans- sowel as Engels sprekend. Die kind is vroulik en 11 jaar , 3 maande oud. Die ouer is 31 jaar oud.

### *Die hofvoorbereidingsproses*

Albei persone het die hofvoorbereidingsproses gedurende April 2008 by die Blue Downs hof bygewoon. Twee sessies per persoon is in totaal bygewoon. 'n Derde sessie was toegewy aan konsultasie met die aanklaer, asook emosionele ondersteuning aan die kind en ouer, voor hofverskyning. Laasgenoemde het talle kere plaasgevind, aangesien die saak telkemale uitgestel was. Die ouer voer aan dat die verkragtingsvoorval alreeds in Maart 2008 plaasgevind het, dat die saak 'so lank al loop' en dat die kind eers op 26 Februarie, 2010 getuienis kon gelewer het. Een van die twee hofvoorbereidingsbeamptes van die hof het die hofvoorbereidingsproses met die twee persone behandel.

Die hofvoorbereidingsproses het talle leerervaringe vir die kind sowel as die ouer ingehou. Die kind het die volgende leerervaringe geïdentifiseer:

- Verstaan van die hof;
- Verstaan van die hoftaal;
- Hoe die hof lyk;
- Hoe ek moet/gaan getuig;
- Waar die oortreder gaan staan, en dat ek nie vir hom hoef te kyk nie;
- Wat ek moet sê.

Uit bogenoemde inligting en inligting uit die hoftranskripsie, was dit duidelik dat die betrokke kind die hoftaal, hofprosedures en uitleg van hof verstaan het en goed getuig het.

Die ouer beskou die leerervaringe van die hofvoorbereidingsproses meerendeels as die volgende:

- Verlaging van eie spanning oor hof;
- Verlaging van kind se spanning oor hof;
- Vermindering van skaam en bang gevoelens;
- Ondersteuningsisteme by die hof.

Die volgende program inhoud word deur die kind sowel as die ouer geïdentifiseer:

- Lokaal uitwysing. Die ouer was deur die hof en in-kamera-lokaal geneem. Die kind was slegs na die in-kamera -lokaal geneem.
- Waarheidstoetsing (slegs kind).
- Verduideliking van hoftaal, hofpersoneel en hofproses.
- Tipe vrae wat gevrae kan word en die beantwoording daarvan.
- Tegnieke vir die beantwoording van vrae.
- Getuienis aflegging.
- Kruisondervraging en herondervraging.
- Ondersteuningspersoon vir kind.
- Hulpmiddels.
- Geheuetoetsing.

Beide die kind en ouer bevestig dat bogenoemde aspekte gemaklik, konkreet en verstaanbaar aan hul verduidelik is. Verstaanbare voorbeelde is gemaklik deur die hofvoorbereidingsbeamptes voorsien.

Uit die hoftranskripsie is dit duidelik dat die kind gemaklik en geloofwaardig getuig het. Die kind het die middele hierbo genoem gebruik en doeltreffend toegepas.

#### *Doel van die hofvoorbereidingsproses*

Emosies wat voor die hofvoorbereidingsproses deur die ouer sowel as die kind ervaar was, was onder meer:

- Angs;
- Bangheid;
- Onsekerheid;
- 'Wou nie hof toe kom nie';
- 'Senuagtigheid'.

Die kind het hierdie emosies met angstigheid deurgegee: het gedurig op die stoel rondgeskyf, die hande heelyd gevryf, hikkel spraak gehad en gedurig rondgekyk.

Bekommernisse voor die hofvoorbereidingsproses word as onseker en ongemaklik beskou.

Die emosies wat na afloop van die hofvoorbereidingsproses ervaar is, sluit in:

- 'Oraait';
- Sekerheid;
- 'Ope hart nou';
- Baie gehelp;
- Gemaklikheid.

Volgens beide die kind en die ouer was hul angstvlakke na die voltooiing van die hofvoorbereidingsproses 'definitief minder'.

Albei persone voer aan dat die proses hulle albei baie gehelp het. Die volgende redes is aangedui:

- 'Onsekerheid weggevat';
- 'Ons verstaan nou die hof';
- 'Ons is nie meer bang nie';
- 'Hulle help ons, altyd'.

Die proses se inhoud as 'n geheel word as goed beskou, geen gedeelte word as sleg beskou nie. Geen ontbrekende of oorbodige aspek in die proses is geïdentifiseer nie.

Die hoftranskripsie kruiskorreleer bogenoemde inligting: die kind het geloofwaardig en gemaklik getuig.

### *Die Hofvoorbereidingsbeampte*

Die hofvoorbereidingsbeampte word volgens die kind en die ouer as vriendelik, bedagsaam, 'oulik' en hulpvaardig beskou.

## *Hoftranskripsie*

Die hoftranskripsie (met verwysing na die getuienis aflegging van die kind) het die volgende ingesluit:

- Die kind het getuig in die kinderlokaal.
- 'n Tussenganger was by die kind teenwoordig.
- Die staatsaanklaer het ongeveer vyf vrae rondom die spesifieke seksuele misbruik aksie (verkragting) gevra en drie vrae rondom die beweerde oortreder. Die verdediging het ongeveer ses vrae oor die spesifieke seksuele misbruik aksie (verkragting) gevra en vier vrae oor die identiteit van die beweerde oortreder.

Die kind het deur die verloop van die getuienis aflegging, gemaklik getuig. Sy het die vrae volledig en geloofwaardig geantwoord. Aspekte van die verkragting is wel met angstigtheid beantwoord, maar tog volledig en akkuraat. Die kind het angstigtheid en spanning ervaar met die kruisondervraging van die verdediging. Geen onderbrekings het plaasgevind nie.

## **BESPREKING**

Die Slagofferbystand Dienste Strategie (Muller & Van der Merwe, 2005:41-44 en Reyneke & Kruger, 2006:82) en die Nasionale Misdaad Voorkomingstrategie (Reyneke & Kruger, 2006:81-82) bepaal dat die misdaadslagoffers die reg het tot hofvoorbereiding. Die Blue Downs hof slaag in hierdie bepaling. Blue Downs hof is 'n gespesialiseerde hof wat fokus op seksuele misdrywe. Sedert die hof se ontstaan in 2005, word alle slagoffers van 'n seksuele misdaad deur 'n hofvoorbereidingsprogram geneem, wat deur een van die twee hofvoorbereidingsbeamptes van die hof aangebied word. Die beamptes is volledig deur die NVG opgelei. Muller en Van der Merwe (2005:47) het aangevoer dat die Suid-Afrikaanse kindergetuies minimaal blootgestel word aan hofvoorbereidingsprogramme. Hierdie situasie het sedertdien verander, soos bewys word in hierdie studie dat Blue Downs hof se kindergetuies almal 'n hofvoorbereidingsprogram voltooi.

Die regsstelsel se proses en funksionering het 'n duidelike impak op die kindergetuie asook die hofvoorbereidingsbeampte. Die funksionering van die regsstelsel word gekenmerk aan 'n oorlaaide hofrol, lang periodes van verloop van hofsake asook lang periodes voordat die kind as getuie moet optree.

Hierdie kwessies het 'n impak op die konstruktiewe tydbesteding van die hofvoorbereidingsbeampte, omdat daar ondersteuningsdienste aan die kindergetuie gebied moet word, elke keer wanneer die betrokke saak by die hof voorkom. Dit het natuurlik ook 'n impak op die emosionele toestand/genesing van die kindergetuie. Hierdie sake was duidelik sigbaar in die onderhoude wat met die kind, die ouer, sowel as die hofvoorbereidingsbeampte gevoer is.

Soos beskryf deur Gersch *et al.* (1999) en Toby (1993) is hoë spanningsvlakke teenwoordig by 'n kindergetuie wat seksueel misbruik is, weens die gebeurtenis van seksuele misbruik, asook die hofsak daarna. Daar word defintief hoë spanningsvlakke deur die kind ervaar en dit was duidelik merkbaar by die kind tydens die onderhoud. Die navorsingsresultate toon dat die hofvoorbereidingsproses daarin geslaag het om die kind sowel as die ouer openhartig en gemaklik te laat voel. Die hofvoorbereidingsproses het ook daarin geslaag om die spanningsvlakke van die kindergetuie te verlaag, alhoewel dit nog teenwoordig was. Die kind se spanningsvlakke was veral hoog toe die kind onder kruisondervraging deur die verdediging geplaas is.

Die huidige hofvoorbereidingsproses word deur die navorser, die kind, die ouer, die senior staatsaanklaer sowel as die hofvoorbereidingsbeampte, as goed en funksioneel beskou. Daar is verskeie take wat van die hofvoorbereidingsbeampte verwag word, wat onder meer administratiewe take insluit. Daar is bevestig dat daar nog nie evaluasies van die betrokke program plaasgevind het nie, wat as 'n leemte beskou kan word. Die deurlopende funksionaliteit en suksesvolheid van die program is dus onbekend en moet bepaal kan word.

Skrywers Davis en Saffy (2004) ; Lee (2001) ; Muller en Van der Merwe (2005) ; Reyneke en Kruger (2006) en Sattar *et al.* (1996) voer aan dat die hofvoorbereidingsbeampte wat 'n hofvoorbereidingsprogram aanbied, opgelei moet wees en in diens van die hof moet wees. Uit hierdie studie word hierdie inligting bevestig en aan voldoen.

Die NVG voorvereistes vir keuring van 'n hofvoorbereidingsbeampte word gestel as 'n Graad 12 skoolopleiding. Die vraag ontstaan of dit voldoende is, aangesien 'n hofvoorbereidingsbeampte ook oor

sekere eienskappe moet beskik, soos byvoorbeeld dat die persoon 'n kinderliefhebber moet wees, oor goeie kommunikasie- en skryfvaardighede moet beskik, 'n vriendelike en empatiese persoon moet wees en 'n belangstelling moet toon in die gebied van die Regte. Daar is egter geen literatuur oor die opleiding, voorvereistes of eienskappe van 'n hofvoorbereidingsbeampte beskikbaar nie.

Die hofvoorbereidingsbeampte is wel deur die kind en die ouer as empaties, vriendelik en bedagsaam beskou en dit wil dus voorkom of die beampte wel oor die basiese en nodige eienskappe beskik.

Die kind se ouderdom bepaal die kind se vlak van funksionering, omdat kinders nie soos volwassenes reeds ten volle ontwikkel het nie. 'n Elf-jarige kind se geheue is byvoorbeeld nog nie ten volle ontwikkel nie. Dit is dus noodsaaklik om te verstaan wanneer 'n kind slegs sekere aspekte van 'n gebeurtenis vertel of nie in die spesifieke volgorde van aksies nie (Louw, Van Ede en Louw, 1998:335). Dit blyk dat hierdie gegewe wel tot 'n mate in die opleidingsprogram van die NVG verreken word. Hierdie opleiding behels verskillende benaderings ten opsigte van verskillende ouderdomsgroepe, verskillende take van 'n hofvoorbereidingsbeampte asook assessering van 'n kindergetuie. 'n Handleiding oor kinderontwikkeling word aan die hofvoorbereidingsbeampte voorsien. Die vraag ontstaan of die hofvoorbereidingsbeampte wel die Kinderontwikkeling-handleiding volledig deurgewerk het. Die kort opleiding van een week, dek ook nie al die geïdentifiseerde opleidingsbehoefte nie. Opleiding in volledige kinderontwikkeling (emosionele, kognitiewe, fisiese, taal-, self- en sosiale en morele ontwikkeling), geheue funksionering, trauma aspekte asook seksuele misbruik en wetgewing oor seksuele misbruik moet ingebring word en kan as noodsaaklik beskou word. Geen formele eksamens word vir die opleiding afgelê nie. Daar word dus nie bepaal of die beamptes die beoogde uitkomst van die opleiding bemeester het nie.

Die opleiding van 'n hofvoorbereidingsbeampte dek nie opleiding in die Wet op Seksuele Misdrywe en Verwante Aangeleenthede Wet 32 van 2007 of die Kinderwet 38 van 2005 nie, wat as noodsaaklik beskou moet word. Dit is egter belangrik dat die hofvoorbereidingsbeampte alle aspekte van wetgewing van seksuele misbruik ken en verstaan, ten einde die volle spektrum van die kind se belewenis en vertelling daarvan te kan verstaan en te kan help. Die hofvoorbereidingsbeampte moet ingelig wees oor die regte van die kind, die spesifieke seksuele misdryf en hoe dit in die wet bepaal en beskryf word.



Die gebruik van spesifieke benaderings in kommunikasie met kinders om die hofvoorbereidingsprogram meer kindervriendelik te laat geskied, blyk ook 'n leemte te wees. Die gebruik van spel in die behandeling van die hofvoorbereidingsprogram, soos in die literatuur (Davis & Saffy, 2004; Gersch *et al.*, 1999; Lee, 2001; Mellor & Dent, 1994; Muller & Van der Merwe, 2005) bespreek, kan byvoorbeeld as uitgangspunt en hoofbenadering gebruik word.

Talle uitdagings word ook van 'n hofvoorbereidingsbeampte verwag, naamlik begrip van geslags-, kultuur- en emosionele kontekste. Geslagskwessies is veral opmerklik in die voorkoms van die manlike hofvoorbereidingsbeampte teenoor 'n vroulike slagoffer van 'n seksuele misdryf, aangesien die oortreder dikwels manlik is. Hierdie kwessie kan 'n werklike impak op die suksesvolheid van die hofvoorbereidingsprogram, die voltooiing, aard en omvang van getuienis aflegging en soms die emosionele heling van die slagoffer hê. Die beperkinge hiervan kan uitgesluit word deur verkieslik vroulike beamptes aan te stel in plaas van manlike beamptes of om manlike beamptes spesiaal op te lei hoe om die situasie meer sensitief te hanteer.

Die hofvoorbereidingsproses slaag daarin om aan die meerderheid van die vereistes te voldoen. Aspekte soos die gebruik van spelaktiwiteite, asook die benutting van komponente van kognitiewe-gedrags-, familie sisteem- en psigodinamika benaderings word egter nie gedek nie. Die ander drie aspekte, soos uiteengesit in Davis en Saffy (2004); Gersch *et al.* (1999); Lee (2001); Mellor en Dent (1994) asook Muller en Van der Merwe (2005) word deur die hofvoorbereidingsproses van die Blue Downs hof gedek. Die vereistes word ook op 'n doeltreffende en suksesvolle wyse aan die kindergetuie oorgedra. Die kind slaag daarin om suksesvol en volledig te kan getuig.

Die doel volgens Davis en Saffy (2004:19) sowel as Reyneke en Kruger (2006:85) van 'n hofvoorbereidingsproses naamlik die vermindering van sekondêre viktimisering, verhoging van die kapasiteit om te getuig en om die hofervaring beter te hanteer, word bereik.

Talle positiewe aspekte van die hofvoorbereidingsproses word geïdentifiseer, wat aandui dat die hofvoorbereidingsproses 'n funksie verrig en doel bereik en dat addisionele hulp aan 'n kind gebied word deur byvoorbeeld die verhoging of ontwikkeling van 'n positiewe ingesteldheid teenoor die lewe en selfs die regsstelsel.

Geen negatiewe aspekte van die hofvoorbereidingsproses word aangedui nie, wat bepaal dat die spesifieke hofvoorbereidingsproses volledig en suksesvol uitgevoer is. Die hele hofvoorbereidingsproses word as positief en voldoende beskou. Geen leemtes of negatiewe aspekte word deur die ouer of die kind geïdentifiseer nie, alhoewel hulle geen objektiewe maatstaf het om dit teen te meet nie.

Aangesien die ouer ook die hofvoorbereidingsproses voltooi, het dit positiewe implikasies vir die kindergetuie. Die kind word deur sy/haar ouer ondersteun en 'n gemene taal van die hofproses kan gekommunikeer word. Die ouer se spanningsvlakke word verlaag, wat meestal ook die kind se spanningsvlakke verlaag. Talle leerervaringe word deur die kind sowel as die ouer beleef. Om die ouer deel te maak van die hofvoorbereidingsproses stem ooreen met Crawford en Bull (2006) se aanbevelings dat ouerlike betrokkenheid as ondersteuning vir die kindergetuie dien, en die getuienis afleggings proses vir die kind beter maak.

Hierdie studie bevestig dieselfde inligting, naamlik die doeltreffendheid van hofvoorbereidingsprogramme en die positiewe benutting van hofpersoneel, soos deur Davis en Saffy (2004); Sattar *et al.* (2006) asook Crawford en Bull (2006) bevind word. Die hofpersoneel asook hofvoorbereidingsproses is volgens die respondente se ervaringe suksesvol en doeltreffend. Meer uitgebreide evaluering is egter nodig. Ander belangrike bevindinge is dat die kind se spanningsvlakke, na die voltooiing van die hofvoorbereidingsproses, wel verlaag het. Dit was duidelik sigbaar in die hoftranskripsie van die gedeelte, waar die kind getuig het.

Davis en Saffy (2004) se studie het bevind dat die ouer die hofvoorbereidingspersoneel en -program as kompleks, verwarrend en bedreigend vind en die kind dit as ondersteunend en bemagtigend vind. Hierdie

studie het egter bevind dat beide die kind en die ouer die hofvoorbereidingpersoneel sowel as -program as bemagtigend en ondersteunend vind.

Die studie slaag daarin om deel te vorm van evalueringsprojekte van hofvoorbereidingsprosesse, soos uiteengesit in Mellor en Dent (1994: 175).

## **GEVOLGTREKKING**

Die volgende doelwitte is met die aanvang van die studie gestel:

- Om die bestaande hofvoorbereidingsprogram van die Blue Downs hof vir seksueel misbruikte kindergetuies aan die hand van bestaande beste praktyke te bespreek.
- Om die kind se ervaring van die hofvoorbereidingsprogram te beskryf.
- Om aanbevelings te maak oor die verbetering van die Blue Downs hof se hofvoorbereidingsproses.

Uit die voorafgaande studie blyk dit dat hierdie doelwitte bereik is. Die hofvoorbereidingsproses en aspekte soos opleiding en take is ondersoek. Hierdie is teenoor bestaande literatuur oor hofvoorbereidingsprosesse bespreek en geëvalueer. 'n Rykdom inligting oor die kind en die ouer se ervaring van die hofvoorbereidingsproses is verkry en geëvalueer. Aanbevelings ten opsigte van die verbetering van hierdie hofvoorbereidingsproses is ook gedoen.

Die teoretiese uitgangspunt se gedeelte, naamlik dat indien 'n hofvoorbereidingsproses effektief is, kan die kindergetuie se negatiewe ervaring verlaag word, word bevestig.

## **AANBEVELINGS**

Na aanleiding van die voorafgaande studie word die volgende aanbevelings gemaak:

- Die huidige hofvoorbereidingsproses van Blue Downs hof moet voortgaan. Sekere aanvullings word wel aanbeveel.
- Soortgelyke navorsing op 'n groter skaal kan uitgevoer word.

Verdere ondersoek kan ingestel word na die opleiding van hofvoorbereidingsbeamptes in terme van volledige kinderontwikkeling, aard en omvang van geheue, seksuele misbruik, Wet op Seksuele Misdrywe en Verwante Aangeleenthede nr. 32 van 2007 en die Kinderwet 38 van 2005 en kulturele aspekte. Die duur van die opleiding kan ook verder ondersoek word. Trauma ontlasting of supervisie aan hofvoorbereidingsbeampte kan ook verder ondersoek word. Meer navorsing oor die gebied van voorvereistes vir hofvoorbereidingsbeampte, asook eienskappe waarvoor hofvoorbereidingsbeamptes moet beskik, word benodig.

### **SAMEVATTING**

Die studie is onderneem om die kindergetuie wat seksuele misbruik is, se ervaring van die hofvoorbereidingsproses van Blue Downs hof, te bepaal. Hierdie is deur middel van 'n empiriese ondersoek uitgewys. Die teoretiese uitgangspunt, dat indien 'n hofvoorbereidingsproses effektief is, kan die kindergetuie se negatiewe ervaring verlaag word, word bevestig.

Alhoewel die studie slegs op 'n gevallestudie van 'n kind en ouer, die senior staatsaanklaer asook 'n hofvoorbereidingsbeampte baseer is, het dit steeds waardevolle inligting opgelewer. Die belangrikheid van die bevindinge kan dus nie geïgnoreer word nie. Die studie het ook die opleiding vir en aard van die spesifieke hofvoorbereidingsproses ondersoek, wat ook waardevolle inligting verskaf het. Min Suid-Afrikaanse navorsing oor hofvoorbereidingsprosesse bestaan. Die navorser hoop dat hierdie studie verdere navorsing op die gebied sal stimuleer.

## BIBLIOGRAFIE

- BABBIE, E. & MOUTON, J. 2001. *The practice of social research. South Africa*. Kaapstad: Oxford University Press. 674p.
- BOTES, K. 2009. Senior staatsaanklaer van die Blue Downs hof. Mondelinge mededeling aan outeur op 20 Maart, 2009. Kaapstad.
- CRAWFORD, E. & BULL, R. 2006. Child Witness Support and Preparation: Are parents/caregivers ignored? *Child Abuse Review*, 15, 243-256.
- DAVIS, L. & SAFFY, J. 2004. Young witnesses: Experience of court support and court preparation officials. *Acta Criminologica*, 17(1):17-23.
- DE VOS, A.S & FOUCHÉ, C.B . 2005. General introduction to research design, data collection methods and data analysis. (In De Vos, A.S. *Research at grass roots: for the social sciences and human services professions*. Pretoria: Van Schaik Uitgewers, 76-94.)
- FALLER, K. C. 2003. *Understanding and Assessing Child Sexual Maltreatment*. 2<sup>de</sup> Uitgawe. California: SAGE Publikasies. 307p.
- FOUCHÉ, C.B. 2002. Research strategies. (In De Vos, A.S., ed. Strydom, H., Fouché, C.B. & Delport, C.S.L. eds. *Research at grass roots: for the social sciences and human service professions*. 2nd edition. Pretoria: Van Schaik Uitgewers, 339-355.)
- FRESHWATER, K. & ALDRIDGE, J. 1994. The knowledge and fears about court of child witness, schoolchildren and adults. *Child Abuse Review*, 3, 183-195.
- GALE GROUP (THE). 2005. *West Encyclopedia of American Law*. Beskikbaar: <http://www.enotes.com/wests-law-encyclopedia>. Datum van gebruik: 14 Maart 2010.
- GERSCH, I.S., GERSCH, A.N., LOCKHART, R. & MOYSE, S.A. 1999. The child witness pack: An evaluation. *Educational Psychology in Practice*, 15(1):45-50, April.

- LEE, K. N. 2001. *A Model for child witnesses coping with the adjudication process: socio cultural, psychological, and developmental variables*. USA Malibu: Pepperdine University. 141p.
- LOUW, D.A., VAN EDE, E.D.E., LOUW, A.E. 1998. *Menslike Ontwikkeling*. 3de Uitgawe. Kaapstad: Kagiso Tersier.
- MCGOUGH, L.S. 1997. Stretching the blanket: Legal reforms affecting child witness. *Learning and Individual Differences*, **9**(4):317-340.
- MELLOR, A. & DENT, H.R. 1994. Preparation of the Child Witness for court. *Child Abuse Review*, **3**, 165-176.
- MULLER, K. & VAN DER MERWE, A. 2005. Judicial management in child abuse cases: Empowering judicial officers to be 'the boss of the court'. *South Africa: Suid Afrikaanse Tydskrif vir strafregpleging*, **1**(1):15p.
- POGGENPOEL, M. 2005. Data analysis in qualitative research. (In De Vos, A.S., ed. Strydom, H., Fouché, C.B. & Delpont, C.S.L. eds. *Research at grass roots: for the social sciences and human services professions*. Pretoria: Van Schaik Uitgewers, 381-423.)
- REPUBLIEK VAN SUID-AFRIKA. 2005. Children's Act , no. 38 of 2005. Pretoria: Staatsdrukkers.
- REPUBLIEK VAN SUID-AFRIKA. 2007. *Wet op Seksuele Misdrywe en verwante aangeleenthede*, no.32 van 2007. Pretoria: Staatsdrukkers.
- REYNEKE, J.M. & KRUGER, H.B. 2006. Sexual offences courts: Better justice for children? *Journal for Juridical Science*, **31**(2):73-107.
- RUBIN, A. & BABBIE, E.R. 2005. *Research methods for social work*. London: Thomson Brooks/Cole.
- SATTAR, GHAZALA, PORTSMOUTH, PORTSMOUTH, ENGLAND, BULL & RAY. 1996. Pre-court preparation for child witnesses. *Issues in Criminological & Legal Psychology*, **26**(2):67-75.
- SAYWITZ, K.J. & NATHANSON, R. 1992. Children's testimony and their perceptions of stress in and out of the courtroom. *Child Abuse & Neglect*, **17**(5):613-622, September/October.

SIMON, J. 2006. Pre-Recorded videotaped evidence of child Witnesses. *South African Journal of Criminal Justice*, 1(1):1-23.

STRYDOM, H & DE VOS, A.S. 2005. Sampling and sampling methods . (In De Vos, A.S., ed. Strydom, H., Fouché, C.B. & Delpont, C.S.L. eds. *Research at grass roots: for the social sciences and human services professions*. Pretoria: Van Schaik Uitgewers, 189-201.)

STRYDOM, H. 2005. Ethical aspects of research in the caring professions. (In De Vos, A.S., ed. Strydom, H., Fouché, C.B. & Delpont, C.S.L. eds. *Research at grass roots: for the social sciences and human service professions*. 2nd edition. Pretoria: Van Schaik Uitgewers, 23-36.)

TERRE BLANCHE, M. & DURKHEIM, K. 2002. *Research in practice. Applied methods for the social sciences*. Cape Town: University of Cape Town Press. 526p.

TOBY, S. 1993. *The effects of closed circuit vs. regular courtroom procedures during children's courtroom testimony*. New York: University of New York at Buffalo. 225p.

## **BYLAAG 1:**

### **VOORSKRIFTE AAN OUTEURS**

# **CARSA: CHILD ABUSE RESEARCH IN SOUTH AFRICA: JOURNAL OF THE SOUTH AFRICA PROFESSIONAL SOCIETY ON THE ABUSE OF CHILDREN**

CARSA is a national journal that promotes academic and professional discourse amongst professionals involved in child-care work in South Africa. It publishes high quality, peer-evaluated, applied, multidisciplinary articles focusing on the theoretical, empirical and methodological issues related to child abuse in the light of the current political, cultural and intellectual topics in South Africa. Authors of articles submitted for review will remain anonymous. The comments of the reviewers and peer evaluators should be constructive and helpful and designed to aid the authors to produce articles that can be published. The authors may then use these comments to revise their articles. However, the final decision on whether or not to publish an article rests with the editor. There should be an interval of at least two issues between articles published by the same author.

#### **Preparing articles for submission**

The submitted articles should always conform to CARSA's house style. As the journal develops, it is envisaged that it will contain full-length articles, shorter debates, book reviews and software reviews. The following information is provided regarding the length of articles:

- Full-length articles should not exceed a word count of 8000 (tables excluded);
- Shorter articles (in the form of shorter debates) should not exceed a word count of 3000 (tables excluded);
- Book reviews should not exceed a word count of 1000;
- Software reviews should not exceed a word count of 3000.

Tables, figures, illustrations and references are excluded from the word count. Book reviews and software reviews will be initiated by the editor and review editors. They will commission individuals to do the



reviews. Prospective authors are expected to abide by language guidelines regarding issues of gender and race and disability.

Empirical research should adhere to acceptable standards of descriptive and inferential statistics and empirical data should be manipulated statistically using an acceptable statistical program such as the Statistical Package for the Social Sciences (SPSS) or SAS. The inferences regarding qualitative analysis should also be accompanied by an explanation of the techniques used or should utilise statistical packages such as SQR.NUD.IST which are recognised for this type of analysis.

### **Copyright policy and author's rights**

Once an article has been accepted for publication, the author automatically agrees to the following conditions. All work published in CARSA is subject to copyright and may not be reproduced, in whole or in part, in any manner or in any medium without the written consent of the editor, unless no charge is made for the copy containing the work, and provided the author's name and place of first publication appears in the work. Authors assign copyright to CARSA.

Non-exclusive rights for contributions to debates and comments to articles are requested so that these may also appear in CARSA. The moral right of the author to his or her work remains with the author. Where applicable, contributors should indicate sources of funding. It is the duty of the author to clear copyright on empirical, visual or oral data. Simultaneous submission to other electronic or printed journals is not allowed.

### **Notes for contributors**

Articles that appear in CARSA are subject to the usual academic process of anonymous peer reviewing. The articles that are written by the editorial staff will be refereed by independent referees. Electronic submission of articles by E-mail should be done in one of the following:

- MS Windows, Word;
- WordPerfect; or
- Plain ASCII File format.

Figures, maps, and photographs should be submitted on disk in any standard format.

Authors should submit their work to SAPSAC.

Authors who are unable to submit their work electronically should dispatch three copies to the postal address. Before submission, articles should have been corrected for errors, edited and should be accurate.

*It is the responsibility of the author that articles should be language and technically edited, before submission.*

### Style

Main headings should be typed in upper case and begin at the left margin. No indentation is allowed. Dates should be written as follows: 9 January, 2000. Bold, italics and underscore should be formatted as such in the original document. The recommended style for reference purposes is the abbreviated Harvard technique, for example, "Child abuse is rising (Author 1999:10)" OR "According to Author (1999:10) child abuse is rising". In the case of legal articles, footnotes will be allowed.

To work toward uniformity in the alphabetical bibliography at the end of an article, the following examples of format are given:

Books:

Kuehnle, K. 1996. Assessing allegations of child sexual abuse. Sarasota: Professional Resource Press.

Articles:

Collings, SJ & Payne, MF. 1991. Attribution of causal and moral responsibility to victims of father-daughter incest: an exploratory examination of five factors. *Child Abuse and Neglect* (15)4:513-521.

Where applicable, contributors should indicate sources of funding. It is the duty of the author to clear copyright on empirical, visual or written data. Simultaneous submission to other electronic or printed journals is not allowed.

### Non-sexist language

Gender specific nouns and pronouns should not be used to refer to people of both sexes. The guidelines on sexist, racist and other discriminatory language should be observed. The following is intended to assist contributors to refrain from sexist language by suggesting non-sexist alternatives.

**Sexist:** Each respondent was asked whether he wanted to participate. The child should have enough time to familiarise himself with the test.

**Non-sexist:** Respondents were asked whether they wished to participate. Enough time should be allowed for the child to become familiar with the test.

## BYLAAG 2:

### ONDERHOUDSKEDULE: KINDERGETUIE

#### *Identifiserende besonderhede*

Naam en van:

Geslag:

Ouderdom:

Taal:

#### *Hofvoorbereidingsprogram:*

Wanneer hofvoorbereidingsprogram bygewoon:

Hoeveel sessies het die hofvoorbereidingsprogram bevat:

Deur wie is die program aangebied:

Wat het jy uit die program geleer:

Wanneer het jy getuig in die hof en hoeveel keer:

#### *Program inhoud:*

Is die volgende aspekte in die program gedek en hoe?

- Lokaal uitwysings (hof, in-kamera kamer)
- Waarheidstoetsing
- Verduideliking van hoftaal, hofpersoneel en hofproses
- Tipe vrae wat gevra kan word en die beantwoording daarvan
- Tegnieke vir die beantwoording van vrae
- Getuienis aflegging
- Kruisondervraging en herondervraging
- Ondersteuningspersoon vir die kind
- Hulpmiddels gebruik
- Geheuetoetsing

#### *Doel van program*

Watter emosies het jy voor die program ervaar?

Watter emosies het jy na voltooiing van die program ervaar?

Het die program jou angsvlakke oor getuienis aflegging verlaag?

Wat was jou bekommernisse voor die program?

Het die program jou gehelp om te getuig en hoe?

Het die program jou vrae oor getuienis aflegging beantwoord?

Wat was goed van die program?

Wat was nie lekker/sleg van die program?

Wat kan die program nog bysit?

Wat kan die program weglaat?

#### *Beampte*

Wat was jou ervaring van die beampte wat die program met jou gedoen het?

#### *Algemeen*

Enige vrae of iets wat jy vir my wil vertel of sê?

## BYLAAG 3:

### ONDERHOUDSKEDULE: OUER

#### *Identifiserende besonderhede*

Naam en van:

Ouer/voog van:

Taal:

#### *Hofvoorbereidings program:*

Wanneer hofvoorbereidingsprogram bygewoon:

Hoeveel sessies het die hofvoorbereidingsprogram bevat:

Deur wie is die program aangebied:

Wat het jy uit die program geleer:

Wanneer het jy getuig in die hof en hoeveel keer:

#### *Program inhoud:*

Is die volgende aspekte in die program gedek en hoe?

- Lokaal uitwysings (hof, in-kamera kamer)
- Waarheidstoetsing
- Verduideliking van hoftaal, hofpersoneel en hofproses
- Tipe vrae wat gevra kan word en die beantwoording daarvan
- Tegnieke vir die beantwoording van vrae
- Getuienis aflegging
- Kruisondervraging en herondervraging
- Ondersteuningspersoon vir die kind
- Hulpmiddels gebruik
- Geheuetoetsing

#### *Doel van program*

Watter emosies het jy voor die program ervaar?

Watter emosies het jy na voltooiing van die program ervaar?

Het die program jou angsvlakke oor getuienis aflegging verlaag?

Wat was jou bekommernisse voor die program?

Het die program jou gehelp om te getuig en hoe?

Het die program jou vrae oor getuienis aflegging beantwoord?

Wat was goed van die program?

Wat was nie lekker/sleg van die program?

Wat kan die program nog bysit?

Wat kan die program weglaat?

#### *U kind*

Watter emosies het jou kind voor die program ervaar?

Watter emosies het jou kind na die program ervaar?

Het die program jou kind se angsvlakke verlaag?

Het die program jou kind gehelp met getuienis aflegging en hoe?

#### *Beampte*

Wat was jou ervaring van die beampte wat die program met jou gedoen het?

#### *Algemeen*

Enige vrae of iets wat jy vir my wil vertel of sê?

## BYLAAG 4:

### ONDERHOUDSKEDULE: HOFVOORBEREIDINGSBEAMPTE

Het u opgeleiding as hofvoorbereidingsbeampte ontvang?

Indien Ja, deur wie en vir hoe lank, asook waar?

Wat het die opleiding behels?

Het die opleiding aspekte van kinderontwikkeling, geheue van 'n kind en/of seksuele misbruik aspekte ingesluit?

Hoe lank werk u as hofvoorbereidingsbeampte?

Wat behels die spesifieke take van 'n hofvoorbereidingsbeampte (aantal sessies, met wie, inhoud van sessies)?

Wat is die gemiddelde aantal kinders per maand waarvoor u die hofvoorbereidingsprogram aanbied?

Wat is die positiewe aspekte van die spesifieke hofvoorbereidingsprogram?

Wat is die negatiewe aspekte van die spesifieke hofvoorbereidingsprogram?

Wat is uitdagings as hofvoorbereidingsbeampte met spesifieke verwysing na die hofvoorbereidingsprogram?

Is daar enige aspekte wat u sal weglaat uit die hofvoorbereidingsprogram?

Is daar enige aspekte wat u sal byvoeg by die hofvoorbereidingsprogram?

## BYLAAG 5

### TOESTEMMING TOT VRYWILLIGE DEELNAME AAN NAVORSINGSTUDIE

Hiermee verleen ek ....., ouer/voog van  
....., gebore .....

toestemming dat:

- Mej. C. Wolmarans, 'n nagraadse student in Forensiese Maatskaplike werk verbonde aan die Noordwes-Universiteit (Potchefstroom), 'n onderhoud met my sowel as my kind kan voer.
- Die onderhoud op band geneem kan word, vir rekorddoeleindes.
- Ek en my kind vrywilliglik aan die navorsingstudie deelneem.
- Ek en my kind se inligting vertroulik hanteer sal word.

.....  
Handtekening

.....  
Datum

BYLAAG 6:

TAALVERSORGINGSERTIFIKAAT

Mariette Nortjé

Taalpraktisyn

BA Regte, Nagraadse Diploma in  
Vertaalkunde en Redigering (US)

Posbus 353  
Langebaan  
7357

Suid-Afrika

Tel: +27 22 772 2231

Sel: 082 929 8493

e-pos: gmnortje@absamail.co.za

Aandag: Chantell Wolmarans

MA in maatskaplike werk in forensiese praktyk (Noordwes-Universiteit)

Tel: 083 6522 518

e-pos: chantell.wolmarans@gmail.com

5 Mei 2010

Hiermee verklaar ek dat ek die Nagraadse Diploma in Vertaalkunde en Redigering in 1991 aan die Universiteit van Stellenbosch voltooi het en tans as taalpraktisyn vryskut werk doen.

Ek bevestig ook dat ek die dokument getiteld *Die seksueel gemolesteerde kindergehuie se ervaring van die hofvoorbereidingsproses van die Blue Downs hof* geproeflees en taalversorg het.

Ek het ook kommentaar gelewer rakende die inhoud en formaat van die dokument en hantering van die bibliografie en bylaes. Die finale dokument se voorkoms en inhoud bly egter die verantwoordelikheid van die outeur.

Die uwe



Mariette Nortjé